


# STEFANS GROVÉ

## WORDING VAN 'N BEGAAFDE AFRIKAANSE KOMPONIS

deur J. H. UYS

„VAN die drie omgewings wat ek ken — die hoofstad van Kanada, Londen en Kaapstad — staan Kaapstad ongetwyfeld bo-aan wat die persentasie musiektalent betref. Die nuwe talent wat nog elke jaar hier te voorskyn kom, is gewoon verbasend." Hierdie mening is onlangs uitgespreek deur mnr. Cameron Taylor, 'n bekende pianis en 'n musiekonderwyser in Kaapstad. Ook dr. Chisholm, die nuwe direkteur van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege, het hom gunstig uitgelaat oor die talent vir musiek wat hy hier teengekom het. Trouens, vir elkeen wat die musieklewe in ons land in oënskou neem, moet dit duidelik wees dat daar op die oomblik 'n opbloei in die Afrikaanse musiek aan die gang is.

Een van die name wat die afgelope jaar of twee die meeste in hierdie verband genoem word, is dié van Stefans Grové, 'n jong Vrystater wat reeds goed bekend is in Kaapstad en Johannesburg en in 'n mindere mate ook op die platteland rondom hierdie twee stede. Maar dat hy nog glad nie so bekend is as wat hy verdien om te wees nie, blyk duidelik uit die feit dat sy naam nie genoem word in 'n artikel oor Suid-Afrikaanse komponiste wat onlangs deur 'n bekende musiekkenner gepubliseer is nie. Daarteenoor staan getuienis soos dié van dr. Chisholm wat praat van Grové se „outstanding talent" en dié van wyle prof. Bell wat gesê het: „I am inclined to think that he has the liveliest talent South Africa has produced," en by 'n later geleentheid: „He has brilliance and genius."

Dit is nie my bedoeling om soos Schumann, toe hy vir die eerste keer oor die musiek van Chopin geskryf het, uit te roep nie: „Menere, haal u hoede af — 'n genie!" Ook wil ek nie sê, soos Beethoven van Schubert sou gesê het nie: „Hy is vervul met die goddelike vuur." Om so 'n aankondiging omtrent 'n musikus te maak, veral iemand wat nog so jonk soos Grové is, vereis die intuïsie van 'n genie. Die bedoeling is alleen om hierdie begaafde jong komponis bekend te stel aan sy landgenote wat nog nie deur middel van sy musiek kennis met hom gemaak het nie.

Soos met baie ander komponiste die geval is en was, het Stefans Grové ouers wat die musiek hartstogtelik liefhet. Sy moeder, 'n nooi Roode uit 'n musikale familie, is 'n bekwame musiekonderwyseres; sy vader, tans hoof van die President Brand-skool in Bloemfontein, is ook iemand met 'n waarderende oor vir die musiek, hoewel sy eerste liefde die poësie is. Hy is dus in 'n gesin gebore waarin sy talent die regte mate van waardering en aanmoediging sou ontvang.



Stefans Grové is op 23 Julie 1922 op Bethlehem gebore, en veertien dae later het sy moeder, wat tot 'n dag voor sy geboorte les gegee het, weer haar werk hervat. Die baba moes in 'n seepkissie langs die klavier posisie inneem. Hy het later hierdie instrument bo alle ander leer liefkry en beheer dit uitstekend in sy komposisies.

Sy ouers was bly om die eerste tekens van sy ontluikende belangstelling in die musiek te ontdek en het alles in hul vermoë gedoen om hom en sy suster hierin aan te moedig. Reeds toe hy ses jaar oud was, het hy 'n klein grammofoontjie as geskenk van sy vader ontvang. Later het hy 'n beter grammofoon met plate van klassieke werke gekry, en met die koms van die radio is ook hierdie instrument vir die huisgesin aangekoop. Sondagmiddae word nou die musiekmiddae van die huisgesin. In vervoering luister die elfjarige seun na die werke van die grootmeesters en word veral aangegryp deur die sang van Caruso en McCormack. Maar eienaardig genoeg, beskou hy die tenoorstem vandag as 'n „abnormale verskynsel" en hou hy veel meer van die „natuurliker" baritonstem. In hierdie kinderjare het hy die een na die ander van die groot komponiste leer ken en liefkry: Bach en Beethoven was sy eerste helde; toe Haydn en Mozart; daarna die romantiese komponiste soos Schumann, Schubert, Chopin en Brahms; op die oomblik voel hy hom veral geheg aan komponiste soos Ravel en Debussy.

By waardering alleen het dit gelukkig nie gebly nie. Op baie jeugdige leeftyd het dit reeds duidelik geword dat Stefans besondere skeppende gawes ontvang het. Nog voordat hy sy eerste klavierlesse ontvang het, het hy die sing van bekende psalms en gesange op die klavier begelei en kon hy 'n gewyde kinderliedjie met voetnote en al op die orrel speel. Sy eerste klavierlesse het hy van sy moeder ontvang toe hy sewe jaar oud was. 'n Jaar later word dit voortgesit deur sy oom, mnr. D. J. Roode, wat toe hoof van die Vrystaatse Musiekskool in Bloemfontein was. Sy moeder en sy oom het dus die grondslae van sy musiekopleiding gelê — 'n taak wat moeiliker was as wat dit voorkom, omdat die oefenure nie na die jong seun se smaak was nie. Trouens, die feit dat hy gou geleer het, was juis die oorsaak dat hy nie soveel geoefen het as wat miskien nodig was nie. Hy is vandag nog spyt dat hy homself wat dit betref, nie meer ingespan het nie. Maar 'n mens moet onthou dat hy reeds toe al skeppingswerk bo alle ander aktiwiteite verkies het. Reeds toe al het hy uiting in komposisiewerk begin soek.

Op skool was hy maar taamlik inkennig. Hy het moeilik met ander kinders maats gemaak, en sy ouers het later 'n neef as maat vir hom in die huis geneem. Die twee se grootste pret was dan om kerk te speel — die neef as predikant, en Stefans as orrelis.... In sy skoolwerk het Stefans nooit eintlik gepresteer nie, omdat hy van die meeste skoolvakke nie gehou het nie. Die Biologie veral het hom altyd „mislik" gemaak, omdat hy besonder lief vir diere was en nie kon aanskou hoe hulle doodgemaak en ontleed word nie. Hy het altyd gewens dat die skool moet afbrand! Maar in tale het hy uitgeblink, omdat sy digterlike aanleg hier uiting kon vind. Vandag beskik hy oor 'n helder en kleurryke skryftrant en het hy 'n groot voorliefde vir die poësie, veral vir die werk van die digter Van Wyk Louw. 'n Gedagte wat hom in die laaste tyd besig hou, is 'n groot musiekwerk gebaseer op hierdie digter se *Raka*. Van sport het die jong seun nooit baie gehou nie, maar wel van stap. Hy het eers voetbal gespeel, maar dit laat vaar uit vrees dat sy vingers beseer sou word. Buitendien het 'n seun nie veel tyd vir sport as hy intensief die klavier en die orrel bestudeer en boonop nog wil komponeer nie!

Dit is treffend dat hoewel Grové byna al sy eksamens met lof afgelê het, hy tot vandag toe 'n renons aan die eksamenstelsel het. Hy vergelyk 'n eksamen met die uittrek van 'n jong plant om te sien of die wortels nog groei! Maar

(*Vervolg op bladsy 65.*)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# STEFANS GROVÉ

(*Vervolg van bladsy* 24.)

in elk geval, op sewentienjarige ouderdom lê hy sy matriekeksamen af en word orrelis van die gemeente De Bloem. Sy musiekstudie sit hy voort en behaal in 1942 die lisensiaat in klavierspel, klavieronderrig en orrelspel. Aan die einde van dieselfde jaar onderskei hy hom op die Johannesburgse kunswedstryd deur twee goue en twee silwermedaljes en 'n beker vir komposisie te verower — en dit voordat hy nog enige stelselmatige opleiding in die komposisieleer ontvang het. Op hierdie stadium het hy komposisie bestudeer deur die partiture van groot werke aan te koop en op eie houtjie noukeurig te ontleed. Mnr. D. J. Roode, 'n ander oom wat inspekteur van skoolsang in Transvaal is, het die ontluikende komponis soveel moontlik aangemoedig. Dit is kenmerkend van Grové dat hy hierdie jeugwerke almal vernietig het, omdat hy hulle as minderwaardig beskou.

Met hierdie prestasies nog vars in sy geheue is die jong musikus na Klerksdorp as orrelis en musiekonderwyser. Die sieldodende musiekonderrig wat hy moes gee en die omgewing wat hom weinig simpatiek gesind was, het so nadelig op hom ingewerk dat hy gedurende die twee jaar van sy verblyf daar slegs een komposisie gemaak het, nl. 'n Ballet-suite. Hierdie komposisie vir orkes het hy later aan prof. Eric Grant voorgelê wat dadelik by hom aangedring het om vir verdere studie na Kaapstad te kom. Aan die begin van 1945 bevind hy hom dus in Kaapstad waar hy klasse aan die Suid-Afrikaanse Musiekkollege volg en terselfdertyd as orrelis van die gemeente Rondebosch dien.

Hier het sy talent vinnig begin ontluik, veral onder die bekwame leiding van wyle prof. Bell, self 'n fyn komponis en iemand wat die kuns voortreflik verstaan het om die ontwikkeling van 'n jeugdige talent te lei. Bell het Grové se buitengewone talent dadelik herken en aangebied om hom gratis onderrig in die komposisieleer te gee. Soos 'n vader het hy oor die jong Afrikaner gewaak en hom met wyse raad en leiding bedien, ook in ander sake as sy studies. Die dood van prof. Bell aan die begin van 1946 het 'n vroeë einde aan 'n vrugbare verhouding gemaak. As leermeester in die klaviervoordrag het Grové die uitstekende pianis mnr. Cameron Taylor aan wie hy besonder geheg is. Mnr Taylor het 'n hoë dunk van Stefans se spel en meen dat as hy hom op klavierspel sou toelê, hy 'n virtuoos sou kon word. Maar hy besef dat sy leerling die klavierspel slegs as middel tot 'n doel beskou, nl. om sy komposisies te kan uitvoer en hom aan 'n verdienste te help.

In Kaapstad het Stefans, soos baie ander belowende jong musici, gou kennis gemaak met mnr. C. H. Weich, die musiekkritikus van *Die Burger*. Hy is iemand wat jong Afrikaanse musiektalent graag in beskerming neem en geen moeite te groot ag om hulle te help en aan te moedig nie. Wat hy op hierdie gebied al gedoen het, sal die geskiedenis eendag met dank boekstaaf. Hiervan sal ook Grové kan getuig. Maar een van die vernaamste voorregte wat hy in die stad geniet, is om musiek as 't ware in lewende lywe te hoor. Hier het hy vir die eerste keer 'n kwartet sien uitvoer, en hier kry hy die geleentheid om na die uitvoerings van groot besoekende artieste te luister. Dit alles het bygedra om sy skeppende werksaamheid te prikkel, en binne 'n kort tyd voltooi hy 'n hele paar belangrike komposisies.

Hiervan is die vernaamste sekerlik sy Strykkwartet in D. Die laaste deel van hierdie werk het hy onder uiters moeilike omstandighede tussen koorsylings deur gedurende 'n siekbed voltooi. Tog is dit allerweë begroet as 'n belangrike musiekgebeurtenis. Mnr. Weich wat die eerste uitvoering daarvan as voorsitter van die Oranjeklub gereël het, het dit bestempel as „waarskynlik die grootste en moeilikste werk van 'n Suid-Afrikaner wat nog in Suid-Afrika uitgevoer is." In die Engelse pers is na aanleiding daarvan gesê: „His outhority to write in this exacting medium is unquestioned." Aan die begin van hierdie jaar het Grové die kwartet opgedra aan die nagedagtenis van sy leermeester, prof. Bell wat tot die laaste nog begeer het om dit te hoor, maar telkens deur siekte verhinder is.

'n Verteenwoordigende program van Grové se beste werk is op 15 April 1946 deur die „Music Society of the South African College of Music" uitgevoer. Die vol en geesdriftige saal was genoegsame bewys van die welslae van die onderneming. Die program het begin met 'n reeks van drie liedere: „Dis Al," „Berusting" en „Weeklag" — liedere wat getref het deur hul eenvoud en hul stemming van vae weemoed. Daarna het drie dele, vir die geleentheid vir twee klaviere verwerk, van die Ballet-suite gevolg: „Die Spieëldans," „Beweging" en „Wals." Hieruit het duidelik geblyk in hoe 'n mate die komponis sy gedagtes in klank kan uitbeeld — 'n gunstige indruk wat verder versterk is deur 'n reeks klaviersolo's: „Scaramouche," „Elektron," „Berceuse" en „Toccata." Behalwe die reeds genoemde Kwartet is ook 'n „Czardas" vir viool en klavier uitgevoer.

Dit sal waarskynlik nog 'n tydjie duur eer ore wat gewoond is aan die harmonieë van Beethoven, Schubert en Chopin, hulle aan hierdie moderne musiek sal wen. Die invloed van veral Debussy en Ravel is duidelik merkbaar in hierdie werk. Maar dr. Chisholm, by wie Grové tans studeer en wat die meeste van sy komposisies onder oë gehad het, meen dat daar gedurende die afgelope paar maande 'n groot verandering in sy styl gekom het en dat die komponis nou reeds beslis 'n indiwiduele taal praat en 'n selfstandiger toon tref.

'n Ander werk wat ook vermeld moet word, is sy „Stemmingsbeelde" vir klavier — 'n reeks klein werkies waarvan die eerste vier reeds oor die radio uitgevoer is: „Sonderlinge Tweegesprek" ('n juweeltjie uit pianistiese oogpunt beskou), „'n Geestelike Gesang," „Nagtelike Minnaar" (die linkerhand skep die nagstemming, en die regterhand sing die serenade), „Vrouebeeld," „'n Nuwe Gewaarwording" en „'n Fantastiese Droom." Die invloed wat Grové van die impressionisme ondergaan het, kan duidelik in hierdie komposisies gevoel word. Die tonaliteit is soms vaag, die harmonieë vreemd; die vermoë om stemmings te skep, merkwaardig.

Grové vereenselwig hom nie met alle moderne rigtings in die musiek nie en is bewus van die gevaar wat daar steek in die soek na oorspronklikheid terwille van die oorspronklikheid alleen: „Te veel wetenskaplikes," het hy op 'n keer

(*Vervolg op bladsy* 66.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# STEFANS GROVÉ

(*Vervolg van bladsy* 65.)

gesê, „is vandag as komponiste in die kuns bedrywig en te min kunstenaars. Eksperimente word ten koste van die kuns gedoen en oorspronklikheid om sy eie ontwil nagestreef in plaas daarvan dat dit 'n onderdeel van die kuns bly. Ware oorspronklikheid is iets egs — iets toevalligs, en 'n soekery daarna baat gewoonlik nie." En by 'n ander geleentheid: „Die matematici is vandag ook goed in die kuns verteenwoordig. Die Schönbergmetode kom my voor as 'n soort matesis van die musiek. Om die gedagtegang of liewer pentrant van die komponis noukeurig te volg, is omtrent onmoontlik. Met die oog wel; daarom sluit hierdie ‚bedrywigheid' beter by die skilderkuns aan." En weer: „'n Leemte in die moderne musiek — en as ek van moderne musiek praat, bedoel ek nie slegs tydgenote nie, maar komponiste soos Hindemith, Bartok en ander — is ongetwyfeld die gebrek aan kleur. 'n Mens vind dat hierdie element dikwels moet wyk voor blote lyn. Lyn en kleur behoort parallel te loop, anders skep dit die indruk van ontwaterde musiek...."

Stefans komponeer omdat hy komponis gebore is. Soms staan hy skielik op straat stil om 'n mooi frase in sy aantekeningboekie neer te skryf; in die nag slaan hy dikwels sy lig aan om musiekaantekeninge te maak. Sy vrugbaarste werktye is vroeg in die oggend en in die aand. Idees kom so vinnig dat hy altyd met meer as een werk besig is. Dikwels gebeur dit dat hy 'n werk halfpad laat staan, omdat 'n ander komposisie te dringend sy aandag vra. Ook werk hy nie 'n stuk logies uit nie: meermale is die slot voltooi voordat die middelste gedeelte klaar is.

Die kunstenaarstemperament het al spreekwoordelik geword. By Grové vind 'n mens niks van die mallighede en kaskenades waarmee sommige middelmatige mense vir hulself die naam „kunstenaar" wil verwerf nie. Hy is wel afgetrokke en vergeetagtig — in so 'n mate dat hy op 'n keer 'n troupaartjie hot en haar deur Bloemfontein na hom laat soek het om die troumars te kom speel — 'n afspraak wat hy totaal vergeet het. Om betyds vir 'n afspraak of 'n laaste bus te wees, is nou eenmaal nie een van sy deugde nie. In die alledaagse lewe is hy dikwels onprakties. Toe hy nog klavierlesse gegee het, het hy hom bv. geskaam om iemand 'n rekening te stuur. Wanneer hy dit dan noodgedwonge moet doen, versteek hy dit ongemerk tussen die blaaie van die leerling se boek en bloos wanneer hy die geld ontvang. Maar wie eers deurgedring het deur sy beskeidenheid en instinktiewe wantroue, maak kennis met 'n fyn digterlike gees, 'n innemende geaardheid en 'n helder verstand wat deur geen namaaksel of vertoon bedrieg word nie. Hy besit 'n skerp vermoë om tussen die valse en die egte te onderskei en kan dan eersgenoemde met 'n enkele woord, sag uitgespreek, verpletterend veroordeel. Hy voel dat hy 'n roeping het en sal sy musikale gewete om geen geld of eerbewys verraai nie. Daar is in hom 'n bewustheid van innerlike krag en 'n onafhanklikheid wat 'n mens alleen aantref by mense wat die sekerheid het dat hulle belangrike werk het om te doen en weet dat hulle dit ondanks teenslae ook sàl doen.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012